UNIVERSITY EXAMINATIONS

UNIVERSITEITSEKSAMENS

UNISA university of south africa

# ETH306W

Oktober/November 2016

## INKLUSIEWE ONDERWYS B (OPVOEDKUNDIGE TEMAS 306)

Tydsduur 2 Uur

100 Punte

**EKSAMINATORE**

| | | |
|---|---|---|
| EERSTE | DR MG CLASQUIN-JOHNSON | MNR I MKHUMA |
| TWEEDE | MEJ S VAN BILJON | |

**Toeboekeksamen.**

**Hierdie eksamenvraestel bly die eiendom van die Universiteit van Suid-Afrika en mag nie uit die eksamenlokaal verwyder word nie.**

Hierdie vraestel bestaan uit **vier (4)** bladsye

**INSTRUKSIES**

AFDELING A: BEANTWOORD AL 3 VRAE (75 PUNTE)

AFDELING B: BEANTWOORD VRAAG 4 **OF** VRAAG 5 (25 PUNTE)

**BLAAI OM**

***AFDELING A***

**VRAAG 1: VERPLIGTEND**

**Pas die terme / frases in Kolom A by Kolom B (bv 1.1 - N)**

| Kolom A | Kolom B |
|---|---|
| 1 1 'n Gestremdheid kan voorkom word deur | A) Die omgewing vir hom of haar ontoeganklik is |
| 1 2 Inperkings (hindernisse) tot leer kom voor | B) Voorsien nie aan die uiteenlopende behoeftes van al die leerders nie |
| 1 3 Sensoriese inperkings (gestremdhede) | C) Leerders en onderwysers van mekaar vervreem is |
| 1 4 Leerprobleme lei tot | D) Persone kan meer as een inperking / gestremdheid hê |
| 1 5 In sommige kulture word persone wat gestremd is behandel asof | E) Miopie |
| 1.6 Ontwikkelingsprobleme kan | F) Oorerflike faktore |
| 1.7 Persone met intellektuele inperking | G) Sosiale spieel |
| 1.8 Sosio-ekonomiese struikelblokke (hindernisse) sluit in die gebrek van | H) Kom voor wanneer een van die sintuie aangetas is |
| 1 9 As a gevolg van struikelblokke tot leer kan leerders nie | I) Simptome wat verband hou met 'n spesifieke toestand |
| 1 10 'n Onbuigsame kurrikulum | J) Hiperopi |
| 1 11 Risikoskole is wanneer | K) Reseptiewe taal |
| 1 12 Geskrewe taal is 'n gevorderde vorm van | L) Vertoon as 'n algehele agterstand |
| 1 13 Spesiale onderwysbehoeftes beteken dat | M) Selfaktualisering |
| 1 14 Bysiendheid is dieselfde as | N) Die behoefte om deel van 'n groep te wees |
| 1 15 'n Persoon is fisiek gestremd wanneer | O) Aanvaar nie die gesag van onderwysers nie |
| 1 16 Genetiese faktore beteken | P) Deur die skep van 'n hindernisvrye omgewing deur middel van die |

| | |
|---|---|
| | heropbou van die samelewing |
| 1 17 Wanneer ouers inkonsekwent is, is kinders | Q) Gedurende die leerproses |
| 1 18 Veelvoudige inperkings / gestremdhede | R) Onseker en verward |
| 1.19 Volgens Covey (1992), is selfrespek gevorm deur ons | S) Gesproke taal |
| 1.20 Volgens Maslow, is dit die hoogste doel in die wereld | T) Hulle potensiaal optimaal verwesenlik nie |
| 1.21 Die behoefte om te behoort verwys na | U) Hulle van die duiwel besete is |
| 1 22 Lees is 'n gevorderde vorm van | V) Toegang tot basiese dienste |
| 1.23 Leerders wat rebels is | W) Onderprestatsie |
| 1 24 Sindrome verwys na 'n groep | X) Is verstandelik tot minder as die deursnee person in staat |
| 1 25 Versiendheid is dieselfde as | Y) Leerders het behoeftes wat anders is as dié van die deursnee leerder |

**[25]**

**VRAAG 2: INKLUSIEWE ONDERWYS EN STRUIKELBLOKKE TOT LEER**

2 1 Inklusiewe Onderwys is die beleid teiken van Witskrif 6 oor Spesialebehoeftes-onderwys Voorsien tien (10) redes hoekom Suid-Afrika hierdie beleid aangeneem het (10)

2 2 Bespreek die struikelblokke tot leer- en ontwikkeling wat leerder mag ervaar met verwysing na die intrinsieke en ekstrinsieke leer-en ontwikkelingshindernisse (15)

**[25]**

**VRAAG 3: SENSORIESE GESTEMDHEDE**

3.1 U is gevra om 'n ouer nuusbrief te skryf oor die onderwerp, "Leerders met gehoorgestremdhede"

3.1.1 Beskryf die eienskappe van leerders met gehoorgestremdhede (5)

3.1 2 Verskaf advies aan onderwysers oor hoe hulle leerders met ouditiewe gestremdhede kan ondersteun (10)

3.2 Bongani is 'n swaksiende leerder en het onlangs by u klas aangesluit.

3.2.1 Beskryf die uitdagings wat deur Bongani ervaar mag word. (5)

3.2.2 Verduidelik wat u sal doen om vir Bongani tydens u klasaktiwiteite te akkommodeer. (5)

**[25]**

**AFDELING B**

**VRAAG 4: SKRYF 'N OPSTEL OOR DOWN-SINDROOM**

"Down-sindroom is die gevolg van 'n afwyking in die gene in die 21ste paar chromosome Kinders met hierdie sindroom se leertempo is gewoonlik stadig" Bespreek die implikasies van die onderrig van leerders met Down-sindroom, met spesifieke verwysing na hul unieke eienskappe. (25)

**[25]**

**OF**

**VRAAG 5: SKRYF 'N OPSTEL OOR OUTISME**

"Outisme of outistiese spektrumafwyking (OSA) is 'n lewenslange, ingewikkelde, ingrypende ontwikkelingsbelemmering wat 'n genetiese oorsprong het en uit 'n veelfaset-oorsprong voortspruit wat versteurings in breinontwikkeling en -

funksionering te weeg bring " Beskryf die gedrag wat aan dui dat 'n leerder outisties mag wees. (25)

**[25]**

©

Unisa 2016